

# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeë deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XXIII, No. 884

3 MAART 1939

AAN DIE HOOFKANTOOR  
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD Prys 4d.

### VOLKSANG IN DIE SKOLE

MET die Eeufeesvierings verlede jaar was dit heeltemal duidelik dat baie mense onbekend was met die meeste Afrikaanse volksliedjies en verloor het om deel te neem aan die gesamentlike sang daarvan. Hierdie gebrekkige volksang het aanleiding gegee tot 'n openhartige ontleding deur prof. G. Bon van musikale toestande in Suid-Afrika. In sy toespraak voor die Akademie het hy, en daarna ook mnr. Hans Endler en mnr. O. van Oostrum in *Die Huisgenoot*, aangedui hoe daar te werk gegaan kan word om die toestand van sake te verbeter. Hoewel die volksang as sodanig tereg 'n belangrike onderdeel van hul besprekings uitgemaak het, was die hoofgedagte die verheffing van die algemene musiekpeil in Suid-Afrika. In ons hoofartikel het ons destyds dieselfde standpunt ingeneem en terselfdertyd ook probeer verklaar waarom Suid-Afrika so ver agterstaan op die gebied van die musiek.

Op voorstel van mnr. Rust, hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad, het 'n veertigtal onderwysers, verteenwoordigend van alle Afrikaansmediumskole in die Kaapse Skiereiland, 'n veertien dae gelede vergader en beraadslaag oor die vraag hoe die skole, nie net in die Skiereiland nie, maar deur die hele land, kan meehelp om die volksang in die algemeen te bevorder. 'n Komitee is benoem om 'n aantal geskikte liederes uit die F.A.K.-bundel en 'n aantal geskikte Psalms en Gesange uit te soek wat dan deur die kinders van die betrokke skole van buite geleer sal word. Die plan is om later een maal per kwartaal 'n gesamentlike byeenkoms van al die skole te hou, sodat die aangeleerde liederes deur al die leerlinge saam gesig kan word. Die hoop is uitgespreek dat hierdie beweging tot bevordering van die volksang nie beperk sal bly tot een skool of die skole van 'n streek nie, maar dat dit 'n volksbeweging sal word.

Ons twyfel nie daaraan nie dat die bedoeling ook hier is om, deur die bevordering van gesamentlike sang op skool en af en toe op groot byeenkomste, die algemene peil van die musiekkultuur in Suid-Afrika te verhef. Die waardering van ons volksliedjies en die assimilasië daarvan totdat hulle 'n vanselfsprekende besit is, kan baie gerieflik as uitgangspunt gebruik word om by die kind 'n ruimer musikale belangstelling op te wek en hom in te lei in die groot musikale erfenis van

die mensdom. Dat die plan van die Skiereilandse skole — waar dit nie alreeds elders uitgevoer word nie — navolging deur die hele land sal vind, hoop ons van harte. Terselfdertyd hoop ons ook dat naas die onmiddellike oogmerk die groter einddoel nie uit die oog verloor sal word nie. Want selfs al sou iemand elke Afrikaanse volksliedjie, gepubliseer en ongepubliseer, uit sy kop ken en sy musikale ontwikkeling gaan nie verder nie, sou hy 'n vreemdeling wees vir die skoonste

sone sal vereis. Hier kan alleen vae aanduidings gegee word. Onderrig in musiekwaardering sal 'n besonder deeglike organisasie vereis as dit enigsins 'n algemene instelling in die skole gaan word. Die werk wat in hierdie opsig deur die skoolradiodiens gedoen word, hoe prysenswaardig dit ook al is, is om voor die hand liggende redes heeltemal onvoldoende. Die besondere omstandighede van ons land in aanmerking geneem, is die grammofoon miskien die aangewese hulpmiddel daarvoor. 'n Grammofoon en 'n goeie, uitgesoekte versameling plate kan op dieselfde basis as die boeke van die skool-

heid van sy omgewing word. Op dié wyse sal ons skole meer word as wat hulle vandag is: 'n sentrum van onderrig en 'n kulturele bron vir die kinders sowel as die volwassenes.

### Nederland — Suid-Afrika

Die sending van prof. C. M. van den Heever na Nederland verdien om as 'n mylpaal in die geskiedenis van die kulturele betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika aangedui te word, omdat dit die eerste maal is dat daar iemand van staatsweë hiervandaan uitgestuur is om geestelike toenadering tussen die twee lande te bevorder en ons stamverwante voor te lig in verband met die houding van die Afrikaner teenoor die kultuur van die ou stamland. Dit was, soos ons reeds tevore gesê het, 'n mooi gebaar van ons Regering, en daar is dadelik vanuit Nederland getoon dat dit gewaardeer word, want ook daarvandaan sal in die toekoms van tyd tot tyd vooraanstaande geleerdes uitgestuur word om die geestelike kontakte tussen die twee lande te bevorder.

Die Unie se eerste afgesant was ongetwyfeld uitmuntend geskik vir die taak wat aan hom opgedra is, omdat hy as skrywer en iemand wat meer as kamergeleerde is, nie alleen goed op hoogte is van toestande in Suid-Afrika nie, maar sedert sy studiejare in Nederland nog altyd in voeling gebly het met die vernaamste geestesstrominge in daardie land. Die feit dat dit vir hom soms noodsaaklik was om harde waarhede te sê, is 'n bewys dat dit nie alles wel is met die verhoudinge tussen die twee lande nie. Hy moes byvoorbeeld die Nederlanders daarop wys dat selfs vir goed ingeligte persone toestande in Suid-Afrika gebly het soos hulle voor 1900 was en dat hul skrywers vandag nog meestal nie weet wat hulle met die letterkundige prestasies van hul neefs in die Suide moet aanvang nie. Maar aan die ander kant het hy ook nie geaarsel om daarop te wys dat die gemiddelde Afrikaner baie meer verengels is as wat hy self besef nie en hoe dat baie van ons betuigings van Dietse saamhorigheid nie veel meer as praatjies is nie.

Ons glo dat dit noodsaaklik is om openhartig met mekaar te wees, want op 'n bloot sentimentele grondslag kan daar geen goeie verstandhouding tussen die twee lande opgebou word nie. Gelukkig

(Vervolg op bladsy 9C)

### BEWUSTE EINDIGHEID

*As ek met dougeflonker uitblink op die gras,  
en met die bergespitse in die bloutes boor;  
as ek by sterre stil-ver aan die hemel staan,  
en met die reënblink, silwer oor die kelke was,  
hoe diep die Godroep ewig deur die dinge gaan.  
dan is ek met die Al net een, dan kan ek hoor  
Dan is my mens-wees saamvervloei in God se see,  
en hoog verblou ek wyduit in die helder lug.*

*Maar as ek so bewus apart word van die dinge self,  
objektief en selfbepalend rekenskap moet gee,  
dan hoor ek uit my aardsheid net die een diep sug —  
die dood is hier die laaste spit wat ek moet delf.*

JOHAN THERON.

wat die musiek kan bied. Daarom is dit noodsaaklik dat naas die afrigting in gesamentlike sang ook definitiewe sangonderrig, soos dit so duidelik en prakties uiteengesit word in die reeds gemelde artikels van mnr. Van Oostrum, saam met lesse in musiekwaardering 'n deel van die skool se werksaamhede sal word. Met ons taalonderrig beoog ons nie net bevoegdheid om te kan lees en skryf nie, maar ook opvoeding en adeling van die gees en die emosies. Dieselfde geld ook vir alle musiekonderrig: by gesamentlike sang van volksliedere en 'n mate van tegnies-teoretiese opleiding moet daar die waardering van musiekwerke bykom as noodsaaklike aanvulling en vernaamste einddoel.

Op watter wyse hierdie saak deur skole en deur die verskillende onderwysdepartemente aangepak moet word, is iets wat sorgvuldige oorweging deur die bevoegde per-

biblioteke aangeskaf word. In die stede en digbevolkte streke sou daar 'n spesiale onderwyser kan aangestel word om hierdie lesse aan verskillende skole waar te neem. Sentrale plaatversamelings kan op bepaalde plekke gestig word, waarvandaan skole plate kan leen op dieselfde wyse as wat opvoedkundige rolprente in Duitsland byvoorbeeld aan skole uitgeleen word.

Die moontlikhede van so 'n organisasie is kultureel byna onbeperk. As die herorganisasie van skoolbiblioteke aangepak word soos dit verlede jaar deur mnr. Coetzee, bibliotekaris van die Universiteit van Pretoria, in *Die Huisgenoot* voorgestel is, en as 'n grammofoon en goeie plaatopnames op min of meer dieselfde wyse aan skole verskaf kan word, sal die plattelandse skool inderdaad die lewende kulturele sentrum by uitnemend-